higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N6

(Tweede Vraestel)

(9090176)

29 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N6
(Tweede Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae uit AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die onderstaande lys te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

verskillend; lewensfilosofie; fisiese agteruitgang; afhanklik; toepaslike vaardighede; terughoudende; besoekers; verdedigingsmeganisme; konflik; ontwrig

1.1.1 ’n Samebindende ... gee betekenis aan optredes.

1.1.2 Volwasse mense het die ... vir hul werk.

1.1.3 ’n Hospitaalverblyf ... maklik ’n volwassene se routine.

1.1.4 Regressie is ’n onbewustelike ...

1.1.5 ... pasiënte praat baie min.

1.1.6 ... word opmerklik soos ons ouer word.

1.1.7 Elkeen ervaar siekte ...

1.1.8 ... met die self is algemeen in die vroeë fases van ’n ernstige siekte.

1.1.9 Hospitaalpasiënte is ... van verpleërs vir hul versorging.

1.1.10 ... kan ongemaklik wees met die hospitaalatmosfeer.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Om oor persoonlikheid te leer, kan help met doeltreffender interaksie met mense.

1.2.2 Hormone en breinoordragstowwe affekteer ons persoonlikhede.

1.2.3 Mense het almal baie soortgelyke persoonlikhede.

1.2.4 Die liggaam en verstand is konstant in interaksie met mekaar.

1.2.5 Ervarings affekteer gedagtes en gevoelens.

1.2.6 Mense begeer nie aanvaarding deur ander nie.

1.2.7 ’n Volwasse persoon wil werklik persoonlik betrokke wees by werk, familie en sosiale verhoudings.

1.2.8 Volwasse mense lag nie vir hulleself nie.

1.2.9 Volwasse mense veroordeel die swakhede van ander.

1.2.10 Volwasse mense is emosioneel onseker.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem SEWE klasse van geestelike versteurings. (7)

2.2 Met watter daaglikse behoeftes dink jy kan ’n fisiesgestremde pasiënt hulp benodig? (8)

2.3 Bespreek die belangrikheid van selfbewussyn ('self-awareness'). (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Noem SEWE algemene oorsake van selfmoord. (7)

3.2 Watter praktiese raad kan aan ouers gegee word wat sorg vir ’n kind met kongenitale onsensitiwiteit vir pyn? (4 × 2) (8)

3.3 Gee VYF redes waarom siekte dikwels weggesteek of ontken word in die alledaagse lewe. (5)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem SEWE metodes hoe mense selfmoord pleeg. (7)

4.2 Verduidelik hoe jy 'n kwaad pasiënt sal hanteer. (8)

4.3 Bespreek die ooreenkomste en verskille tussen *sielkundiges* en *psigiaters*. (5)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem SEWE organisasies of soorte organisasies wat die verskaffing van psigiatriese dienste in Suid-Afrika beheer. (7)

5.2 Wat kan gesondheidsorgverskaffers doen om hospitaalverblyf geriefliker vir adolessente te maak? (4 × 2) (8)

5.3 Wat moet gesondheidsorgverskaffers in gedagte hou aangaande die uitwerking van aandag en angstigheid op pyn wanneer hulle pasiënte behandel? (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou